



## NGB Artikel 22

Waar die vorige artikels gehandel het oor die algemene van dit wat God in Christus gedoen het, verskuif die fokus nou na die effek op die enkeling. Die volgende drie artikels gaan handel oor drie toepassings waarvan ons moet kennis neem; te wete geloof, regverdiging en heiliging. Artikel 22 handel oor geloof. Hierdie drie aspekte (geloof, regverdiging en heiliging) van ons teologiese nadenke, moet duidelik uitgespreek word. Om dit te kan doen, moet ons eerstens daarop let dat God nie geloof beloon nie. God gee in genade en die mens ontvang in geloof. Anders gestel; geloof ontvang dit wat God vryelik aanbied. God bied aan ons die gawes en winste deur Jesus Christus bekom; genoeg om selfs die grootste sonde te regverdig. God gee met ander woorde genade - in Christus bewerkstellig.

Die NGB se eerste lesers is in die Roomse teologiese denke gekatkiiseer. Die Reformatoriese standpunt wat vandag vir ons so vanselfsprekend lyk, moes toe duidelik uitgespreek word. As dit dan so anders is, hoe het die Roomse kerk geloof verstaan? Deur die sakramente is God se genade aan mense uitgedeel! Wat beteken dit?

Die Roomse standpunt was dat geloof 'n intellektuele instemming is met die leerstukke van die kerk. Deur die sakramente is hierdie verstandelike instemming lewenskragtig gemaak deur die genade wat uitgedeel is. Hierdie kombinasie van kennis en genade deur sakramente het dan opregte geloof gekweek wat aanleiding gegee het tot

goeie werke. Sommige van die werke was so goed dat God hulle moes beloon en ander het God beloon omdat God die mens goedgesind is en kies om die daad te beloon.

Die genade wat in mense uitgegiet word (so is daar geglo) deur sakramente soos doop, die Roomse mis, bieë en aanneming mense na heiliges verander. Diegene wat nie teen die einde totaal verander is nie, gaan na die vagevuur sodat die proses voltooi kan word. Die Roomse standpunt het met ander woorde genade gesien as iets wat in die mens ingegiet word (*gratia infusa*). Sonde maak dat die genade verdamp by wyse van spreke. Dit is waarom daar telkens weer aan die sakramente deelgeneem moet word sodat die metamorfose na heilige voltooi kan word. Aldus die Roomse leer. Daarteenoor staan die Bybel.

In die Bybel lees ons dat ons regverdig word deur geloof. Ons lees dat Jesus se dood en opstanding genoegsaam is om ons heiliges te maak. Ons goeie werke het niks met ons regverdiging voor God te make nie. Ons goeie werke is nie aanvullend of ingegote genade wat besig is om te groei nie. Jesus se werke bepaal ons regverdiging voor God.

Daar is verskeie sake wat ons ten opsigte van geloof in ag moet neem. Geloof is 'n geskenk van God (gegee deur die Heilige Gees), geloof is gerig op Christus, geloof het geen meriete in sigself opgesluit nie en geloof is die instrument wat ons verbind aan Jesus Christus en daarom aan Sy versoenende werk. Geloof kan met ander woorde nie los van die Evangelie reg verstaan word nie. "Geloof"

is altyd "geloof in Christus", geloof is gerig op Christus.

Geloof is altyd geskenk van God. Efesiërs 2:8-10 *"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het."*

Die NGB teks is in **vetdruk**, aanhalings skuinsdruk.

## **ONS REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF**

**Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie. Daar is dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, óf dit is alles wél in Hom, en dan het hy wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid. Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is. Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is (Romeine 3:28). Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self ons regverdig maak nie, want die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat**

**Jesus Christus ons Geregtigheid is. Hý reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom geword het, is hulle meer as genoeg om vrypraak vir ons sondes te verkry.**

Dit is belangrik om te beklemtoon dat God aan ons geloof skenk. Hy doen dit deur die woord (Evangelie) wat aan ons verkondig word. Die verkondigde woord het as inhoud die Woord wat red. Dit is spekulasie om oor ons saligheid na te dink los van die getuienis wat ons in die Skrif (Woord) vind.

## **Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam**

Die bedoeling met hierdie eerste sin is nie om die fokus van Jesus af te verskuif na die Heilige Gees toe nie. Die doel met hierdie sin is om te beklemtoon dat dit die Gees van God is wat geloof in ons harte laat ontvlam. Daar word tog 'n onderskeid impliseer; dit is moontlik om te glo sonder dat dit 'n opregte geloof is.

Opregte geloof word deur die Derde Persoon van die Triniteit in ons harte gewek.

## **om die ware kennis**

Net soos daar geloof en opregte geloof is, so is daar ook valse en ware kennis. Die waarborg vir die ware kennis, is God self by wyse van die Gees. "Ware kennis" beteken ook dat daar 'n objektiewe feit is wat deur God aan ons bekend gemaak kan word.

### **van hierdie groot geheimenis te verkry.**

Ons moet 'n onderskeid tref tussen kennis en diepgaande begrip. Dit is moontlik om van iets te weet sonder om die innerlike werkinge ten volle te verstaan. Na die sondeval is die mense se verstand verduister en kan die mens nie God waarlik ken of Sy openbaring verstaan nie, intendeel die mens bied weerstand. Die genade van God, dit wat Jesus Christus gedoen het, is vir ons 'n geheimenis wat ons nooit ten volle sal kan verstaan nie. Ons weet net dat ons sondaars is en dat daar aan God se geregtigheid (wat ons sekerlik net deels verstaan) voldoen is deur Jesus Christus se lewe, sterwe en opstanding. Na die woord "verkry" moet ons 'n dubbelpunt inlees. Die inhoud en kenbare van die groot geheimenis gaan volgende genoem word.

### **Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes.**

Geloof hou vas aan Jesus Christus en alles wat Hy gedoen en vermag het. Die verdienstes van Jesus se optrede kan nie almal genoem word nie. Tog kan ons weet en aanvaar dat Jesus se optredes op aarde groot verdienstes tot gevolg gehad het. Die skatkis van God se genade is oorlopend vol met Jesus se soenverdienste. (Die Roomse kerk was oortuig die skatkamers van die pous loop oor van die verdienste van heiliges. Die skatkamer van menslike verdienste is 'n lugleegte, sonder selfs stofdeeltjies.

### **Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie.**

Die "Dit" verwys na geloof. Geloof eien Christus toe en niks of niemand anders nie. Geloof se fokus bly altyd gerig op

Jesus Christus. Hierdie inhoud van geloof moet dan verder verduidelik word.

### **Daar is dus net twee moontlikhede:**

Die eerlike eenvoud waarmee die saak benader word is betroubaar. Dit is nie asof daar honderde skakerings van kleure is waaruit gekies kan word nie. Daar is net twee moontlikhede. Enige teoloog wat die saak meer wil kompliseer, is besig om buite die raamwerk van die Skrif te teoretiseer.

### **In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie,**

Jesus Christus kan aan die een kant net deel van 'n legkaart van saligheid wees. Jesus se optrede word dan op 'n glykskaal of weegskaal geplaas en dan word dit aangevul met ander mense se daede, of selfs die gelowiges se eie optredes. Dit beteken dat ons moet glo in Jesus, plus ons moet meer doen, dink of glo.

### **óf dit is alles wél in Hom, en dan het hy wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid.**

Aan die ander kant kan ons vashou aan die Skrifgetuienis dat Jesus Christus alles gedoen het wat nodig is om ons saligheid te verseker. Dit impliseer dat mense wat in Hom glo, nie elders na aanvullende materiaal of daede moet gaan soek nie. Hierdie twee moontlikhede word natuurlik binne die konteks van geloof gegee. Mense wat nie glo nie, se saligheidsmeters is leeg. NGB artikel 22 stel dat gelowiges se saligheidsmeters óf vol is, óf iewers tussenin is.

### **Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou**

**gruwelike godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is.**

Met bewende stem roep die Evangelis uit: "God het Sy deel gedoen, doen nou jou deel. Kom tot bekering!" In die lig van NGB artikel 22 sien ons hoe godslasterlik sodanige oproep eintlik is.

Al word die woord "halwe" gebruik, is die gevolg van 'n standpunt dat Jesus se werk nie voldoende is nie, dat Jesus se soendood op 'n gyskaal kom wat in interaksie met die mens en sy optredes en behoeftes meer of minder kan word. Die implikasie daarvan is dat ons moet begryp dat daar eintlik net een ware standpunt kan wees. Jesus het ten volle betaal vir die sonde, en ons is ten volle gered. Nie eens ons geloof kan dan 'n daad wees wat ons die saligheid laat verdien nie.

**Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is (Romeine 3:28).**

Die onderskeid wat hier ter sprake is, moet duidelik uitgespel word. Geloof is losstaande van enige werk of verdienste. Die mens se geloof is met ander woorde nie 'n menslike werk of menslike prestasie nie. Geloof beskryf die mens se verbintenis met God, as gawe van God. Enige poging om geloof as daad en werk te beskryf, loop die gevaar om geloof as verdienste te wil verstaan. Die mens se bewus wees van sy saligheid, die mens se bewus wees van sy verbintenis met God, dit is geloof.

**Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self ons regverdig maak nie, want die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtheid, omhels, maar wel dat Jesus Christus ons Geregtheid is.**

Dit is duidelik uit hierdie bewoording dat die Reformatore wou seker maak dat daar geen misverstand oor die saak bestaan nie. Geloof maak nie eens regverdig nie, geloof erken en leef net uit die regverdiging wat deur die Gees in die mens gegee word. Geloof is net 'n middel waardeur Christus omhels word.

**Hý reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind.**

Jesus se soenverdiensie het Hy vir ons bewerkstellig. Jesus het vir ons en in ons plek aan al God se eise voldoen, ons weer met God versoen. Hy het dit nie redeloos gedoen nie. Sy weldade is gerig op ons, Sy gelowige kinders. Die manier waarop hierdie weldade van Christus aan ons gegee word, is in die ruimte van die geloof.

**En as die weldade ons eiendom geword het, is hulle meer as genoeg om vrypraak vir ons sondes te verkry.** Omdat ons in geloof aan Jesus verbind is, daarom is ons vrygespreek van ons sondes.